# Koning Stories

# Deel 1 – Struikel Emosies

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

> *Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Van watter emosie hou jy niks van nie? Watter emosie probeer jy sover moontlik vermy? Hoekom?**

**Sou jy jouself as 'n emosionele mens beskryf? Wat maak jou emosioneel?**

**As jy terugdink oor jou lewe en die dinge waaroor jy dalk spyt is, hoeveel keer was dit die gevolg van 'n keuse wat jy gemaak het terwyl jy baie emosioneel was – veral bang, kwaad of alleen? Verduidelik.**

**Wat was die grootste lewensles wat jy al by iemand anders geleer het?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**2 Korintiërs 1:8-9. Het jy al deur sulke moeilike omstandighede gegaan wat dit net te veel gevoel het om te hanteer? Hoe het jy dit hanteer?**

**Psalm 121:1-2. Hoe sluit dit aan by bogenoemde gedeelte?**

**Psalm 16:8 en 34:19 (vers 18 in Engels). Wat het Dawid in hierdie twee gedeeltes geleer?**

**Op watter manier kan ons onsself prakties herinner in moeilike situasies dat God wel by ons is?**

**Hoe verander ons uitkyk op situasies as ons bewus is van die Here by ons?**

**Hoekom dink jy vergeet ons so maklik dat die Here by ons is veral wanneer ons bang, kwaad, of alleen is?**

**Wat kan jy hierdie week doen om jouself gereeld prakties te herinner dat God by jou is? Hoe kan jy dit doen in daardie moeilike afspraak, vergadering of gesprek wat voorlê?**

**In die preek is daar gevra watter dinge oorweeg jy wat jy nooit voorheen sou oorweeg nie juis omdat jy bang, kwaad of alleen is. Watter dinge moet jy heroorweeg na aanleiding van hierdie studie? Hoe gaan jy dit doen? Hoe kan jou groep jou daarin help?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**